Geregistreer aan die Hoofpóskantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 9 April 1947 Nr. 19.

# Koning se Taak Al Meer Empire-Bouend

## Voltydse Onderkoning Oorweeg

**'n Rondborstige erkenning dat die besoek van die Britse koning op 'n tydstip wanneer sy teenwoordigheid in geteisterde Engeland meer as nodig was, 'n imperiale daad was wat moet vergoed vir die verlies van Britse besittings in die Ooste, is vervat in die Maart-uitgawe van die goedingeligte Overseas Intelligence Digest van Kenneth de Courcy.**

Hy behandel die Britse krisis wat grotendeels 'n gevolg is van ontoereikende produksie weens 'n algemene arbeidstekort, en meen dat die pogings om vreemde arbeid van Italië en Pole af in te voer, nie juis die beste oplossing sal wees nie. Die gevaar bestaan dat as die wêreldvraag na steenkool en verbruikersgoedere later begin afneem, Engeland, wat reeds in normale omstandighede 'n oorbevolking het, 'n baie swaar las sal moet dra. „Maar as my beleid gekoppel word aan 'n behoorlike ontwikkeling van die groot vasteland van Afrika, wat op die oomblik deur Brittanje, Frankryk, België, Portugal en die Unie beheer word, sal die vraagstuk maklik opgelos word.

„AFRIKA IS RYK"

**„Afrika is vir Engeland vandag van lewensbelang. Toestande versleg nog steeds in Indië en Birma. Afrika is geweldig ryk en van onberekenbare strategiese betekenis. Op die koninklike besoek, wat onderneem is tenspyte van baie gewigtige redes daarteen in Engeland, was ongetwyfeld uiteindelik besluit met die oog op die feitlik allesbelangrike betekenis van Afrika vandag.**

„Benewens die gebrek aan arbeidskragte is daar nog 'n ander behoefte. Engeland het die woord „uitbreiding" vergeet, hoewel dit sy slagspreuk behoort te wees. Die woorde beperking, inkorting en selfbeheersing is vandag oor sy hart geskryf. Daar is geen sin vir uitbreiding nie. Engeland sal sterf indien hy nie sy gees van handelsvryheid en onderneming terugwen nie."

MEER BESOEKE

In verband met bostaande erkenning van 'n deeglike politieke kenner, is dit belangwekkend om te lees wat die Britse joernalis Ward Price verlede week geskryf het oor die koninklike besoek. Hy verwys na die noodsaaklikheid dat die koning in Engeland moes gewees het tydens die onlangse krisis, en verklaar dat die koning dit selfs oorweeg het om per vliegtuig terug te keer sodra hy in Kaapstad aangekom het. Die Britse regering het hom dit egter afgeraai. Hy behandel dan die vraag van 'n moontlike botsing wat in sulke gevalle kan ontstaan tussen 'n dominiale en Britse regering wat teenstrydige advies aan die koning gee, en onderstreep die noodsaaklikheid dat die koning in die toekoms baie meer moet rondreis.

PLAASVERVANGER

**„Die koning is die belangrikste, en inderdaad die enigste praktiese skakel wat die Empire aanmekaar hou. Nou dat langafstandreise so maklik is, sal die koning wel meer dikwels van die een deel van die ryk na 'n ander moet reis as wat voorheen moontlik was. Die voorbeeld van die koning in Kaapstad om 'n dominiale parlement te open, kan vir die toekoms ontwikkel word."**

**„Die gedagte is gevolglik in hoë kringe uitgespreek dat 'n permanente onderkoning vir Engeland aangestel moet word wat die koning behulpsaam kan wees met 'n deel van sy roetinewerk solank hy in Engeland is, en hom outomaties kan vervang solank hy afwesig is na die dominiums."**

# Sloerstaking Van Vaklui Veroorsaak Noodtoestand

**Die sloerstaking van die vakmanne in die Suid-Afrikaanse spoorweë en 'n soortgelyke regulasie-staking van die masjiniste het reeds ernstige ontwrigting in die trein- sowel as die lugdiens veroorsaak.**

In Kaapstad het die helfte van die lokomotiewe gaan staan. In Germiston was 114 van die 180 lokomotiewe verlede week reeds buite werking.

Treine het die afgelope week tot soveel as vyf uur laat in Kaapstad aangekom. Amptenare beskryf die treinrooster as in 'n toestand van chaos. Die staking word in 'n ernstige lig beskou en indien daar nie tot 'n ooreenkoms geraak kan word nie, sal die treindienste nog meer ingekort moet word. Die blou trein loop reeds nie meer nie terwyl die treindienste op die hooflyne drasties ingekort is.

Die staking tref ook die lugdienste sodat daar net vier vliegtuie van die Suid-Afrikaanse lugdiens beskikbaar is.

Amptenare het verklaar dat indien die staking voortduur, 'n nasionale noodtoestand kan ontstaan. Die stakers eis hoër lone.

## *Nog Geen Vordering In Moskou*

Die vyf ministers van buitelandse sake wat reeds 'n maand in Moskou besig is met samesprekings oor die toekoms van Duitsland en sy ekonomiese posisie, het nog tot geen besluit geraak nie vanweë die groot verskil in die standpunte van die verskillende bondgenote. Die Westerse Geallieerdes is ten gunste van die ekonomiese eenheid van Duitsland, terwyl Rusland dit sterk teenstaan en volle vergoeding vir oorlogskade van Duitsland eis. Die Westerse moondhede besef egter dat hulle daardie vergoeding onregstreeks sal moet betaal weens die afhanklikheid van Duitsland.

# EGIPTE WORD BAAS IN EIE LAND

## Verval van Britse Ryk

**Die laaste van die Britse troepe wat nog in Egipte was, is verlede week verwyder. Hiermee het die terugtrekking van Brittanje uit een van sy belangrikste voorposte wat hy 64 jaar lank beheer het, 'n voldonge feit geword.**

Die Britse vlag wat meer as sestig jaar lank oor die kaserne in Kaïro gewapper het, is neergehaal en Egiptiese soldate het die vestings beman, en die Egiptiese vlag gehys.

**Politieke waarnemers beskou die terugtrekking van die Britse troepe uit Egipte as 'n onheilspellende teken wat staan in die lig van die agteruitgang van die Britse Ryk en sy tanende invloed.**

Die Suez-kanaal wat nou deur die Egiptenare self beheer en beskerm sal word, is deur Churchill beskryf as 'n lewensbelangrike faktor vir die veiligheid van die Britse Ryk. Indien Brittanje beheer oor hierdie lewensaar verloor, sal sy besittings in die Midde-Ooste in onmiddellike gevaar verkeer in tyd van oorlog.

Die terugtrekking van die Britse troepe is verlede jaar in Mei deur die Britse regering aangekondig. Dit spruit uit onderhandelings wat tussen die Britse regering en die regering van Egipte plaasgevind het.

## *Skoolraad Se Beswaar*

**Die Kaapse skoolraad het hom ten sterkste uitgespreek teen die besluit dat die skoolkinders van die Skiereiland op Sondag, 20 April, in die stad opgestel word om die Britse koning en sy gesin te verwelkom wanneer hulle weer na Kaapstad terugkeer.**

Die raad het die Departement van Onderwys in kennis gestel dat so iets ontheiliging van die dag sal beteken.

V.V.O. GAAN WEER BERAAD

Die vyf grotes het besluit om 'n buitengewone sitting van die V.V.O. te laat plaasvind ten einde die Palestynse vraagstuk te bespreek. Dit is waarskynlik dat die sitting reeds teen die einde van April of begin van Mei gehou sal word.

# £10 MILJOEN



**Die V.V.O. word allerweë reeds as gedoem beskou, net soos sy voorganger, die Volkebond. Nogtans is hierdie argitek besig om in hoër opdrag planne op te stel vir 'n paleis van die V.V.O. in New York wat £10 miljoen sal kos. In Genève staan reeds die paleis van die Volkebond as 'n wit olifant. Daartoe het Suid-Afrika ook sy deel bygedra en nou weer sal hy bydra tot die wit olifant in New York.**

## SPANJE KRY 'N KONING

Genl. Franco, leier van Spanje, het aangekondig dat hy besluit het om 'n monargie in Spanje uit te roep. Daar is verklaar dat genl. Franco hoof van die staat sal wees en dat 'n regentskap aangestel sal word tot na die dood van genl. Franco.

Koning Alfonso XIII was die laaste koning van Spanje wat teen die einde van April 1931 uit Spanje gevlug het toe Spanje as 'n republiek uitgeroep is.

## ‚Prins' Kry Vyf Jaar

Dawid Kgobe wat daarop aanspraak maak dat hy 'n Abessynse prins, Wanni Yusof, is, is verlede week in Kaapstad deur die hooggeregshof tot vyf jaar harde pad veroordeel op aanklag van bedrog en dat hy probeer het om die hof te dwarsboom deur 'n getuie te probeer omkoop. Die hofsaak het aanvanklik groot belangstelling gewek. Uit die getuienis het egter geblyk dat die beweerde Abessynse ‚Prins' in werklikheid in Transvaal gebore is.

## *Stap Twintig Myl Na Vergadering*

**Tydens die besoek van komdt. E. Smith aan die Sandveld het hy groot geesdrif onder lede van die O.B. aangetref. Voorbeeld hiervan is brandwag Willem van Wyk van Wolwepoort wat twintig myl ver gestap het om 'n O.B.-vergadering op Kammieskroon by te woon.**

# Nuwe Kommando's In Noord-Weste

## O.B.-GEDAGTE SLAAN IN

**Oral in die land is daar tekens van gestadige groei en aanwas in die geledere van die Ossewabrandwag. In die lig hiervan staan die stigting van twee nuwe kommando's in die Richtersveld waar voorheen geen eenheid van die Beweging bestaan het nie. In die afgelope tyd het die ledetal hier so aangegroei dat dit nodig geword het om twee kommando-eenhede te Komaan en Vioolsdrif op die been te bring.**

Hfkomdt. E. J. H. Smith wat so pas van sy organisasiereis in die Richtersveld en Noordweste terug gekeer het, het in 'n onderhoud verklaar dat sy besoek aan hierdie deel baie suksesvol was. Hy het nie alleen met lede van die O.B. in aanraking gekom nie, maar lede van alle politieke partye het met graagte na sy uiteensettings oor die standpunt van die Ossewabrandwag geluister. Die Ossewabrandwag se volksfront strewe en beroepsverteenwoordiging vind nie net vrugbare aarde in eie geledere nie, maar lede van albei politieke partye besef die belangrikheid van beroepsverteenwoordiging w a a r die partymededinging uitgeskakel sal wees.

Komdt. Smith het 'n opvallende verandering in die gesindheid van voorheen vyandige groepe teenoor die O.B. ondervind. Mense wat voorheen konsekwent die O.B.-verrigtinge geboikot het, stel nou weer belang en het met tallose vrae inligting oor die O.B. ingewin.

NUWE EENHEDE

Die hoogtepunt van die organisasiereis was die stigting van die twee kommandantskappe te Komaan onder leiding van komdt. A. P. J. Dippenaar, en te Vioolsdrift onder leiding van komdt. G. van der Westhuizen. In eersgenoemde afdeling het daar nog nooit 'n eenheid van die O.B. bestaan nie, terwyl die veldkornetskap in laasgenoemde eenheid feitlik nie meer bestaan het nie. Dit tel nou sowat honderd lede.

Die stigting van hierdie twee eenhede is moontlik gemaak deur die feit dat die volksfront-idee van die O.B. groot byval onder die publiek gevind het omdat hulle voel die Afrikanervolk moet nou eenmaal die broederstryd staak.

Hfkomdt. Smith het onder meer die volgende plekke besoek waar hy geesdriftige gehore gehad het: Nababeeb, Kammieskroon en Soutfontein naby Wallekraal waar hy lede van die Verenigde Party en H.N.P. toegespreek het.


- **DIE KEUR VAN DIE WêRELD SE BESTE BOEKE!**
- **KEURIG EN VOLLEDIG VERTAAL DEUR DESKUNDIGES!**
- **DIE NUWE LETTERKUNDIGE BEWEGING IN AFRIKAANS!**
- **NUWE VERGESIGTE VIR DIE LIEFHEBBER VAN GOEIE BOEKE!**
- **DIE MEES HOOGSTAANDE BIBLIOTEEKSKEMA WAT OOIT IN AFRIKAANS AANGEBIED IS!**

DIE

# Vergesig-Boekery

**REEDS VERSKYN:**

**Nr. 1 — Die Gierigaard se Dogter**, deur Honoré de Balzac 10/6

**Nr. 2 — Tien Jaar Tronkstraf**, deur Silvio Pellico. 10/-

**Nr. 3 — Die Lyding van die Jong Werther**, deur Goethe.

Hierdie vertalings is deurgaans as uitstekend en getrou bestempel, deur tydskrifte, die radio en die groot leserspubliek. Allerweë is dit verwelkom as 'n nuwe en verfrissende rigting in ons letterkunde.

**EERSDAAGS VERSKYN:**

**Nr. 4 — Mevrou Bovary**, deur Gustave Flaubert. Die juweel van die wêreld se romankuns in Afrikaans.

**Nr. 5 — Die Nes van Edeles**, deur Toergenev. Die eerste groot Russiese roman, regstreeks vertaal in Afrikaans

**Nr. 6. — Ekkehard**, deur Van Scheffel. Die unieke werk oor die romantiese kleurryke Middeleeue.

**Nr. 7 — Die Gelukbringer**, 'n verhaal van die Bartholomeusnag (Das Amulet), deur C. F. Meyer.

**Nr. 8 — Uit die Lewe van 'n Deugniet**, deur Eichendorff.

**Nr. 9 — Adolphe**, deur Benjamin Constant.

**Nr. 10 — Die Wêreldjie van Vroeër**, deur Fogazzaro.

**Nr. 11 — Die Held van die Dnjeper (Taras Bulba)**, deur Gogol.

**Vroeg in 1947 verskyn die eerste nommer van die „Groot Denker-Reeks" in die Vergesig-Boekery. — Skryf om Besonderhede.**

— — — — Skeur af — — — —

L. & S. BOEK- EN KUNSSENTRUM,
Posbus 4892 — JOHANNESBURG.

Geliewe my naam op te neem as intekenaar op die VERGESIG-BOEKERY. Stuur Nrs. 1, 2 en 3 ook saam. Ek belowe om die rekenings binne 30 dae na die ontvangs van die boeke te betaal.

NAAM ..............................

ADRES ..............................

.......Datum .................. Handtekening


# *Ontsettende Ontberings Van Pole*

## *Deur Russe Ontvoer na Siberië*

***Duisende Pole wat deur die Russe gedurende die oorlog na Siberië gedeporteer is, is deur die Russe doodgeskiet omdat hulle weens verhongering, dors en koue nie meer in staat was om die trek onder die toesig van die Russiese bajonette voort te sit nie. Duisende ander het van honger en ellende omgekom. Dié verhaal van onbeskryflike lyding, deportasie, honger, dood en ellende wat die Pole sedert die Russiese besetting van Pole te beurt geval het, word verhaal in „The Dark Side of The Moon" wat van die pen van 'n Poolse generaal verskyn het, en 'n samevatting is van beëdigde verklarings van Pole wat die dood ontkom het.***

Hierdie werk wat deur genl. Sikorski begin is, is deur sy eggenote in 1944 voltooi nadat hy op tragiese wyse die lewe gelaat het.

**Nadat die Russe Pole beset het, het dood en verskrikking elke huisgesin in Pole getref. Duisende persone is onverwags gearresteer, soos diere met bajonette deur die Russe aangedryf en na Siberië onder die haglikste omstandighede ontvoer. Kinders is van hulle ouers weggeneem, huisgesinne opgebreek sonder dat hulle mekaar ooit weer gesien het. Nooit is aan hierdie persone gesê waarom hulle gedeporteer word nie.**

IN TROKKE

Dag vir dag is duisende persone aangekeer en onder bewaking in treine gestop waar hulle ontsettende ontberings moes deurmaak. Die trokke is oorlaai sodat daar nie ruimte vir die ongelukkiges was nie. Die deure van die waens is gesluit sodat niemand kon ontsnap nie. Al plek waar lug en lig ingekom het, was deur nou skrefies hoog onder die dak van die waens. Hoewel die temperatuur buite soms naby vriespunt was, was die benoudheid binne in die waens weens die samehokking van persone ondraaglik. Gedurende die somermaande was die ellende nog groter. Onder die mense wat gedeporteer is, was vroue, kinders, mans en grysaards.

**Hulle is nie toegelaat om hulle familiebetrekkings te groet of om genoeg klere of voedsel saam te neem nie. Solank hulle nog deur Pole gereis het, het hulle landgenote gepoog om voedsel aan hulle te oorhandig. Die Russiese soldate het egter geweier om dit toe te laat.**

Sestig en selfs meer mense is in die trokke wat slegs geskik is vir die vervoer van diere, saamgehok. Daar was geen sanitêre geriewe nie sodat die atmosfeer ondraaglik geword het. In hierdie toestand is kinders in die trokke gebore. Daar was nie sitplekke vir meer as vyftien persone in die waens nie omdat daar te veel saamgehok was. Die trokke waarin hulle vervoer is, is voorheen deur die Russiese soldate gebruik en het in die allermorsigste toestand verkeer.

SONDER KOS EN WATER

**Daar was geen gereelde voedselverskaffing aan die ongelukkige Pole nie, nôg is daar water aan hulle verskaf. Met tussenposes van drie of meer dae, is 'n paar stukke brood en bakke sop aan die gedeporteerdes uitgedeel. Dit was so min dat almal nie eens daaraan kon proe nie. Die smeekbedes van die dorstige kinders om water, het op die dowe ore van die barbaarse Russiese soldate geval. Slegs af en toe is 'n emmer water aan elke trok gegee. Die kinders kon nie meer huil weens hulle verdorde en opgeswelde kele nie.**

Die reis na Siberië het vyf tot ses weke geduur. 'n Groot deel van die reis het deur die Sentrale Woestyn gegaan. Hier is die reeds sterwendes deur sandstorms oorval. Al antwoord wat hulle op hulle versoeke om water gekry het, was die vloekwoorde van die soldate.

**Gedurende een reis het daar 'n genadige reën uitgesak. Die gevangenes het toe 'n gaatjie in die dak van een van die treinwanes gemaak en 'n stuk lap daardeur gesteek en so die vogtigheid deur die lap ingesuig. Indien hulle betrap was, sou hulle doodgeskiet geword het. Die dooies wat die stryd teen die honger en dors nie langer kon volhou nie, is eenvoudig deur die Russe uit die trein gegooi en laat lê.**

GEEN MEDIESE HULP

In teorie was daar dokters op die treine, maar van hulle is niks te sien gekry nie. Indien hulle daar was, het hulle geen mediese voorrade gehad nie, of het hulle hul eenvoudig nie aan die siekes en sterwendes gesteur nie. Die mees gehardste en beheerste persone het histeries geword vanweë die ondraaglike lyding waaraan hulle blootgestel is. Die skrywer verhaal dat die lyding wat hulle onder die Russe moes deurmaak, wel beskryf kon word, maar nooit deur ander besef kan word nie.

**Die Russe het blykbaar behae geskep in die mishandeling van die Pole. Mans en vrouens is kaal uitgetrek en verplig om nakend heen en weer te poseer en is aan die spot van die ru soldate onderwerp.**

Aan die einde van die treinreis het nog groter ellende hulle gewag. Hulle is vir honderde myle te voet aangedryf sodat duisende langs die pad van swakheid bly lê het. Die swakkes is koelbloedig deur die Russe doodgeskiet. Baie het uit wanhoop selfmoord gepleeg as hulle oor brûens gaan en in die riviere gespring. So erg was die ontbering dat selfs een van die gehardste offisiere in die Russiese geheime polisie verklaar het dat hy nie geweet het dat mense so mishandel kan word nie.

Duisende het op die togte gesterf en in die moerasse waardeur hulle moes trek, omgekom. Hulle is op die vlaktes van Rusland laat lê, of in massagraftes begrawe.

WRAAK

**Nadat die Duitsers reeds die Russiese gebied beset het, was daar paniek onder die Russe en hulle het hulle gewreek op die Pole. Gedurende één tog is daar gedurende elf dae net drie keer brood uitgedeel — so min dat almal nie eens daarvan kon eet nie.**

Daar was ook reise wat per boot op die riviere plaasgevind het. Die gedeporteerdes is in steenkoolbote gelaai waar daar geen sanitêre geriewe, lig of lug was nie. In een geval het hulle sestig uur nadat hulle aan boord gegaan het, voedsel gekry, soveel dat net die helfte iets te ete gekry het. Die dooies (daar het tientalle daagliks gesterf) is eers uitgetrek en naakend langs die riviere begrawe nadat die Russe die goue stopsels uit die dooies se tande verwyder het.

**Op een boot is daar 1,400 persone gelaai waarvan 200 vroue was. Na 'n reis van 20 dae het daar net 710 persone lewendig by die bestemming aangekom. Van die 200 vroue het daar net een-en-twintig behoue gebly.**

**En onderwyl Rusland voor die wêreld in die taal van Neurenberg skuldig staan van deportasie van burgerlike persone en misdade teen die Pole om wie se regte die oorlog ontketen is, het 'n Russiese regter die doodstraf namens Rusland oor die Duitse leiers uitgespreek omdat hulle burgerlike persone gedeporteer het.**


DIE STELLENBOSCH VROUEKOMMANDO

kondig aan

**GESELLIGE BRAAIVLEISAAND**

**op Saterdag, 12 April, vanaf 3.30 n.m.**

aan die Voet van Pappegaaisberg, anderkant die Spoor tussen Stellenbosch- en Du Toit-stasies.

Om 7 n.m.: 'n Praatjie deur genle. dr. Erika Theron oor:

Indrukke van Amerika.

Aandete om 5.30 n.m. Musiek deur die Studente-kommando. Gebraaide Wors, Poedings, Koffie en Lekkers te koop. Bring Jukskeie, Eetgereedskap, die hele Familie en Vriende. ALMAL WELKOM.

# Indië Boikot S.A. Posstukke

**As verdere wraakmaatreël teen die Unie, weier die Indiese poskantoor op las van die Indiese regering om pakkette wat uit Suid-Afrika vir aflewering in Indië bestem is, aan te neem. Die pakkies word onafgelewer aan die afsenders in Suid-Afrika teruggestuur. Die poskantoor weier ook om pakkies wat uit Indië na Suid-Afrika gestuur word, aan te neem op grond van die feit dat dit aan Suid-Afrika geadresseer is.**

Verskeie klagtes is gedurende die afgelope tyd ontvang dat Indië nie die pakkies aflewer nie. In Kaapstad is etlike gevalle aangemeld.

Nadat die saak by die sekretaris van die Indiese Hoë Kommissaris in die Unie aanhangig gemaak is, het hy geweier om 'n verklaring te doen, maar onderneem om die klagte soos by die plaaslike posmeester ingedien, by die Indiese regering aanhangig te maak.

Die pakkies wat in Suid-Afrika terug ontvang is, het nie artikels bevat wat nie in pakkies ingesluit mag word nie. Daar bestaan dus geen twyfel dat die pakkies alleen op grond van diskriminasie geweier is nie.

'n Persoon wat onlangs uit Indië na Suid-Afrika teruggekeer het, het vyf pakkies met hom saamgebring wat hy, op versoek van vriende daar, hier in Suid-Afrika kom pos het, aangesien die Indiese poskantoor weier om die pakkies aan te neem.

# Verenigde Party-L.V. Verdedig Boikot

**Die afkeur van die Indiër-boikot in 'n hoofartikel van die Cape Times waarin hy sy misnoeë uitspreek omdat L.V.'s van die H.N.P. sowel as van die V.P. hulle steun aan die boikot verleen, het dadelik reaksie van die Verenigde Party uitgelok by wyse van 'n briefskrywe van mnr. G. E. J. Henny, L.V. vir Swartruggens, waarin hy sy seën oor die boikot uitspreek en verklaar dat die veldtog op suiwere ekonomiese grondslag gevoer word.**

Mnr. Henny verklaar dat daar onthou moet word dat dit aan die optrede en agitasie van die Indiërs in Suid-Afrika te danke is dat die boere nie genoegsame sakke in hande kon kry om hul oes in te samel nie en 'n deel daarvan verlore moes gaan. Verder het dit duidelik geblyk dat die Indiërs aktief die Indiërwet opponeer. Daar kan dus nie verwag word dat die boere hul ander wang nou ook moet aanbied nie.

**Die Indiër-handelaars dra ook by tot die Indiër-agitasie en wel uit die winste wat hulle maak uit blanke klandisie.**

„Volgens my mening," aldus mnr. Henny, „is die boikot heeltemal geregverdig. Die V.P.-lede besef ten volle die implikasies wat uit die boikot en die handelsoorlog kan voortspruit. Al die feite in oënskou geneem, kan ek nie anders besluit as om my seën oor die boikot uit te spreek nie."

# Mense Weggelei Van Indiër-Winkels

## Boikot-Beweging In Wes-Transvaal

Blankes in Potchefstroom wat die afgelope maand op 'n Saterdagoggend by 'n Indiër se winkel wou instap, moes hul telkens teen 'n paar fris jong mans vasloop, wat hulle dan vriendelik versoek om blanke winkels te ondersteun.

Dit het 'n hele paar maal gebeur, dat van die wagte die persoon na blanke winkels neem, waar hy die benodigde artikel dan ook gekry het. Andere verloor weer hul humeur en begin sommer goedsmoeds op die wagte te skel.

**Dit blyk of die poging goeie vrugte afwerp, aangesien sommige Indiërwinkels nou slegs in die middae oopmaak, weens gebrek aan klandisie.** Andere weer stal al die seep wat hulle het in die vertoonvensters uit om sodoende klandisie te probeer trek.

Aan hierdie boikotbeweging neem elke Saterdagoggend deel lede van die Nasionale jeugbond, lede van die plaaslike O.B.-wag en die damestudentekommando van die O.B.

Daar word verneem dat 'n aantal vrouens (Indiërondersteuners) besluit het om die wagte te teer-en-veer, as hulle weer daar gewaar word. — (Korr.).

# Koopstaking Op Pietersburg

PIETERSBURG. — 'n Definitiewe afname in die handelsbedrywigheid op Pietersburg is merkbaar en nie eens die besoek van die koning kon blykbaar 'n oplewing veroorsaak nie—wat dan juis daarop bereken is om veral die „Buy-British"-gedagte te bevorder.

Hoewel daar tans meer goedere en veral 'n groter verskeidenheid in die winkelvensters te sien is as wat die geval vir etlike jare was, bly die goedere meestal onverkoop. Die huidige knellende en langdurige droogte word deels as oorsaak hiervoor genoem. Daarby kom nog die feit dat die pryse van produkte soos aartappels ver benede verlede jaar se peil gedaal het. Waar boere in die distrik verlede jaar £2 per sak aartappels gekry het, kry hulle vanjaar weens die oorvoering van die mark uit ander sentra, nie eens 10s. per sak nie, as hulle nog so gelukkig is om 'n oes te maak.

Verlede jaar het boere £3 per sak en meer vir hul kafferkoring ontvang. Vanjaar is daar feitlik geen kafferkoring in die distrik nie. In die meeste gevalle sal alleen die grondboontjie-oes iets lewer, hoewel die verwagte oes nie 'n derde van verlede jaar se hoeveelheid sal beloop nie. Die mielie-oes sal vanjaar as gevolg van die droogte ook maar swak wees.

GELD SKAARSER

Benewens die teenspoed wat die boere getref het, lê die publiek in die algemeen groter versigtigheid aan die dag en beoefen groter oordeelkundigheid met die uitgee van hul geld. Geld is blykbaar nie meer so volop nie. Oud-soldate wat hulle leër-toelaes vir die aankoop van saad, gereedskap e.d.m. gestryk het, het dit reeds bestee om in hul behoeftes te voorsien. Hulle ontvang tans geen verdere toevloei van geld nie en moet dus hul uitgawes inkrimp.

# Honger Staar Britte In Gesig

Die Britse kabinet sit op die oomblik in 'n benarde posisie met die vraagstuk hoe hy Engeland aan die lewe kan hou. Die geweldige verliese as gevolg van die onlangse natuurrampe het sy voedsel-posisie dermate laat versleg dat daar aan 'n drastiese inkorting van die kosrantsoene gedink moet word of aan 'n groter invoer waarvoor met geleende geld betaal sal moet word. Engeland se krediet verdwyn met reuse happe. Die Amerikaanse lening van meer as £900 miljoen is reeds met byna een-derde in minder as 'n jaar verbruik — feitlik alles op voedsel. Die Kanadese lening van £312 miljoen sal voor die end van die jaar opgebruik wees indien voortgegaan word teen die huidige skaal van uitgawe — meer as die helfte is in elf maande reeds getrek.

Sommige kabinetslede wil liewer dat van die geld wat nog oor is gebruik sal word vir die aankoop van nywerheidsmasjinerie om Engeland se uitvoer op te skuif, maar op die oomblik is Engeland se grootste vraagstuk die voedseltekort wat na verwagting in die eersvolgende maande gaan ontstaan.


Stuur u POSBESTELLINGS vir
● KANTOORBENODIGDHEDE en
● SKRYFBEHOEFTES
na
SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017



Grys-hare: Antigrys

herstel alle gryshare tot hul natuurlike kleur. Dit is vry van kleurstof of skadelike bestanddele, verwyder skilfers, bevorder kopvelkwale, laat hare groei, ens., 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Ook kan blindederm en ander operasies vermy word en alle siektes en kwale met kruie en ander geneesmiddels behandel word. Skryf, gee besonderhede aan: DIE BOEREVROU, Posbus 7559, JOHANNESBURG.

Ons Gee nog Steeds LEIDING
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg – MAITLAND

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

Lyk Hierdie Jaar Op U Beste!!
Ons bied die Allerjongste oggend- en middagrokke aan.
Lo- en Fremode Kostuums - - -
VAN ZYLS
Hoofstraat - - - Paarl

BRILLE
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

„HUISE" . . .



ALBEI IS „HUISE"—'n dak oor die kop, en vier mure om die weer buite te hou. Albei beantwoord aan die hoofdoel van beskutting. Maar wat 'n verskil in gerief en gemak!

So ook met Lewensassuransie. 'n Klein polis is ook „assuransie"—goeie, gesonde dekking. Maar, net so min as wat die man wat darem in redelike gerief wil woon, hom tevrede kan stel met die kleinste en goedkoopste ou huisie, net so weinig kan hy geldelike versorgdheid vir homself en sy gesin verskaf deur te wil klaarkom met sommer net „'n polis"—en te dikwels vir maar 'n déeltjie van die bedrag wat werklik nodig is!

★ Maak SEKER dat daar *werklik genoeg* assuransie vir u gesin se behoeftes of vir u eie oudag sal wees

deur
nog 'n SANLAM-Polis!
SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE MY. BPK.
TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD
9725-1

„DIE O.B.," WOENSDAG, 9 APRIL 1947

# DIE TAAK VAN DIE O.B.

In die mate wat die stofwolke en die rookdampe van die Tweede Wêreldoorlog opklaar om die nasleep van puin en ellende te openbaar, bring die draadloos en die nuusblaaie 'n eindelose reeks berigte wat die ontsettende chaos, waarin die mensdom beland het, blootlê.

Aangesien die berigte so talryk is, en miskien omdat die volgende al te dikwels die vorige in grusaamheid en onheilspellendheid oortref, het die mens se reaksie op sy droewige lot sodanig afgestomp dat die huidige onhoudbare toestand al te dikwels met 'n skouerophaling bejeën word. En die mens vlug maar voort — weg van die aaklige werklikheid af.

Sonder om 'n relaas van die heersende ellende en vertwyfeling te gee, wil ons volstaan deur 'n onwrikbare oortuiging uit te spreek: **Daar moet 'n herskepping van beskouinge en instellings plaasvind. Gebeur dit nie, is die toekoms duister.**

Die Ossewabrandwag glo dat hierdie onvermydelike herskepping reeds besig is om plaas te vind in Suid-Afrika. Dit dateer vanaf die Wonderjaar, 1938, toe daar 'n nuwe lewe in ons volk begin roer is. Die draer van hierdie nuwe lewe is die jong Afrikaanse Volksbeweging — die Ossewabrandwag.

Dat die Ossewabrandwag homself getrou was deur forse beskouinge in ons volkslewe te dra, ly geen twyfel nie.

Die begrippe vaderslandsliefde en volksdiens het opnuut sin en betekenis vir ons geslag gekry as gevolg van die heroïese optrede van brandwagte wat die lyding in kamp en tronk verkies het eerder as om sakpatriotte te wees.

**Die Ossewabrandwag het bewys dat idealisme nog steeds die dryfkrag agter ons volkstryd is.**

Duisende brandwagte het onder die inspirerende leiding van die Ossewabrandwag die ou-ou Christelike beginsel: Ek is my broer se hoeder, weer opgediep en uitgeleef met die instandhouding van Noodhulpdienste ten bedrae van £100,000.

**En boweal is daar vandag duisende Afrikaners in Suid-Afrika wat vir goed met volksverdeeldheid gebreek het omdat hulle weier om in 'n mede-Afrikaner 'n vyand te sien.**

**VERDER**

**Dit is die Ossewabrandwag se taak om hierdie en dergelike nuwe beskouinge verder te ontwikkel en om hierdie beskouings te laat neerslaan in nuwe instellings.**

Ook ten opsigte van die laasgenoemde taak het die Ossewabrandwag reeds ver gevorder.

Die O.B. wil hê dat elke georganiseerde nering wat deur die volk beoefen word, homself moet beskou as die hoeder van die volk op daardie besondere terrein en dat elke neringslid sy broer se hoeder moet wees deur diens te lewer aan die groot volksgeheel.

**Daarom wil die O.B. aan elke georganiseerde nering outonomie gee en dit inskakel by die bestuur van die land.**

Die O.B. glo nie in die verdelende partywese nie, wat mede-Afrikaners teen mekaar in die harnas ja nie. Hy glo in die omvattende volksbeweging, wat die hele volk saamsnoer en dissiplineer om as eenheid te veg op die verskillende fronte.

**Ooreenkomstig hiermee moet die hele volk, met uitskakeling van die verderflike klassestryd, vir sy stoflike welvaart veg op die Arbeidsfront.**

**Insgelyks moet ook die hele volk, met uitskakeling van die onderlinge partystryd, op die Parlementêre front saamveg.**

In hierdie twee fronte staan die kommando's van die Ossewabrandwag reeds slaggereed. Die beleid van die O.B. is om sy gewig by ander stryders, wat ook op die terreine opereer, in te gooi, indien so 'n stap enigsins met die Volksbelang versoen kan word, sonder om iets vir homself op te eis.

Daarom veg die O.B. op die Arbeidsfront nie teen bona fide vakbonde — wat die belange van die werkers wil behartig nie — maar saam met hulle. Hy veg wel teen vakbonde wat die werkers se belange uitbuit vir eksterne doeleindes.

Daarom is die O.B. ook bereid om op die Parlementêre front saam met ander nasionaalgesindes te veg — mits diesulkes hulle vyande konsekwent in die Empire en die Kapitalisme sien en nie b.v. in hul mede-Afrikaners wat aan die O.B. behoort nie, want **die O.B. kan tog net saam met 'n bondgenoot veg en nie saam met 'n vyand nie.**

Op die Parlementêre front sal die O.B. saamveg met sy bondgenoot—die Afrikanerparty. In kiesafdelings waar dit weens praktiese omstandighede, b.v. die nie-bestaan van A.P.-takke — nie moontlik is nie, vestig die O.B. sy hoop op gesamentlike optrede deur die bemiddeling van mnr. Havenga. **Die O.B. vertrou dat mnr. Havenga daarin sal slaag om 'n bondgenootskap tussen die Beweging en die H.N.P. te bewerkstellig, sodat die O.B. die H.N.P.-kandidate kan steun in kiesafdelings waar daar nie 'n A.P.-kandidaat staan nie.**

Indien mnr. Havenga nie slaag in sy bemiddeling nie, bly die sirkel van eenheid onvoltooid. Die volk wil dat dit voltooi moet word.

# Keiser Word Poppe-Figuur



**Die Japanese grondwet wat 58 jaar lank van krag was, is opgehef, nadat die 92e sitting van die Rykdag verlede week ten einde geloop het. Hierdie besluit beteken ook die einde van Hirohito as die belangrikste politieke figuur in Japan. Kragtens die nuwe grondwet wat volgende maand in werking tree, sal hy voortaan net gewone staatspligte vervul.**

# Briewe Van Dank

Mev. J. W. J. Fourie van Bloemfontein skryf:

Dit is vir my 'n besondere voorreg om u hiermee te bedank vir die vriendelike ondersteuning wat ek van die O.B.-Noodhulpfonds ontvang het gedurende die afgelope vier-en-'n-half jaar. Ek kan u verseker dit was vir my 'n ware riem onder die hart.

(Mnr. Fourie is verlede maand vrygelaat as politieke gevangene).

Mev. C. M. E. Claassens van Potchefstroom skryf na aanleiding van die hulp wat sy van die Noodhulpfonds ontvang het:

Ek waardeer dit ten seerste dat u soveel belangstelling toon. U laat my dink aan 'n vader wat besorgd voel oor 'n dogter wat altyd afhanklik was en nou op eie verdienste moet reken.

My eggenoot was gelukkig om net na sy aankoms hier werk te kry in die ambag wat hy in die vyf jaar in die tronk aangeleer het.

Nogmaals uit naam van my eggenoot, myself en my kinders wens ons u nogmaals ons innige dank te betuig vir al die jare wat u ons ondersteun en bewaar het dat ons nie op straat te lande gekom het nie. Hoe heerlik is dit om na soveel jare weer herenig te wees.

(Vervolg van kolom 5)

Die verrigtinge het plaasgevind onder voorsitterskap van komdt. F. A. Smith.

Die vroue, onder leiding van hoofkomdte. B. Harris en komdte. D. Tredoux, het allerlei lekkernye te koop aangebied en op die gloeiende kole het die aanwesiges ribbetjies gebraai. Die mooi bedrag van £40 is ingesamel. Genl. G. Retief het die spreker bedank en die kommando's gelukgewens met hul mooi prestasie.

Die Kaapstadse O.B.-blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel het musiek verskaf. Die Boerejeug-dogters het hul eie tafel gehad en hul wins was £3/5/6.

# O.B. Onontbeerlik In Stryd

## Groter Eenheid Sy Doel

**Die Ossewabrandwag wil 'n Volksfront in Suid-Afrika help tot stand bring, waarin elke nasionaalgesinde Afrikanergroep, sy eie kenmerkende bydrae kan lewer vir 'n Afrikaneroorwinning, het genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, verlede Saterdagaand by geleentheid van 'n geslaagde braaivleisfunksie op Tiervlei gesê.** Daar is tekens wat dui op die moontlikheid van die totstandkoming van so 'n omvattende front. „Ek wil hoop dat die tekens nie gaan teleurstel nie, maar dat dit sal ontplooi in die verwesenliking van die hoogste verwagtings van die Afrikanervolk."

Die posisie is tans dat mnr. Havenga met dr. Malan aan sy een hand en dr. Van Rensburg aan sy ander hand staan. **Wanneer dr. Malan die hand van dr. Van Rensburg neem, sal die laaste oorblyfsels van Afrikanervyandskap afgeskryf kan word en sal die Afrikanervolk in hegte bondgenootskap kan voortbeweeg na sy oorwinning.**

O.B. NODIG

Genl. Laubscher het verklaar dat geen Afrikaneroorwinning moontlik is sonder die daadwerklike ondersteuning van die Ossewabrandwag nie. Spreker het uitgewy oor die vegvermoë van die O.B. en gewys op die offervaardigheid van honderde brandwagte wat huis en haard verruil het vir die Empire se interneringskampe en tronke uit hoofde van hul nasionale trou. Hy het gepraat oor die Noodhulpfonds van £100,000 en die sware finansiële offers wat die Beweging se kommando's gebring het om die eer van ons volk te red deur te verhoed dat die afhanklikes van die Empire se slagoffers by die handlangers van die Empire om brood moes gaan bedel. **Hy het verklaar dat die organisasievermoë van die Beweging die strengste toetse wat deur die vervolging en klopjagte van die regering se politieke speurdiens gestel is, skitterend deurstaan het.** En onlangs nog het hierdie Beweging die republikeinse vaandel, stokalleen temidde van rasende en diplomatiese koning-aanbidders, triomfantelik omhoog gehou.

Die Afrikanervolk kan geen oorwinning behaal sonder dat die O.B. — die kragkern van die Afrikanerdom, daadwerklik tot die stryd toetree nie.

NUWE IDEE

Spreker het voorts die bydrae van die O.B. tot 'n Afrikanerfront, afgesien van sy organisasie en stemmekrag, behandel. Hy het aangetoon dat daar al voorheen Afrikanereenheid verkry was, nl. op 4 September 1939 en weer by Monumentkoppie, maar daardie eenheid het altyd weer tot niet gegaan. **Die O.B. bring 'n nuwe idee wat eenheid blywend sal verseker na die Afrikanerfront, nl. die idee van die Volksbeweging, wat weier om in 'n mede-Afrikaner 'n vyand te sien, wat 'n eed sweer om sy mede-Afrikaner nooit in die stryd te verlaat of aan die vyand uit te lewer nie, en wat die spreuk: Ek is my broer se hoeder, as lewenshouding aanvaar.**

BETER GEES

Voorts bring die O.B. ook die wil om die stoflike welvaart van die volk te verseker deur die georganiseerde beroepe seggenskap te gee in die bestuur van die land en hulle te inspireer tot volksdiens en hulle te ontdoen van enige sweem van selfsugtige winsbejag wat aan die een of ander mag kleef.

Die Volksfront sal dus nie net die moontlikheid van 'n parlementêre oorwinning inhou nie, maar bowenal sal dit ook deur welwillende beïnvloeding in staat kan wees om die welvaart van die Afrikanerdom te verseker.

Die Afrikanervolk durf nie die vegkrag en inspirasie van die Ossewabrandwag ontbeer in hierdie uur van diepe beproewing nie, het spreker besluit.

(Vervolg in kolom 3)

## REISPROGRAM
## GENL. W. R. LAUBSCHER

**in Generaalskap A16**

| | | |
|---|---|---|
| 9 APRIL | SOEBATSFONTEIN | 10 v.m. |
| 9 APRIL | KAMIESKROON | 3 n.m. |
| 10 APRIL | KOMAAN | 3 n.m. |
| 11 APRIL | SPRINGBOK | 7.30 n.m. |
| 12 APRIL | VIOOLSDRIFT | 3 n.m. |

**in Generaalskap A15**

| | | |
|---|---|---|
| 14 APRIL | ONSEEPKANS | 7.30 n.m. |
| 15 APRIL | RHENOSTERKOP | 3.30 n.m. |
| 15 APRIL | PERDE EILAND | 7.30 n.m. |
| 16 APRIL | KAKAMAS | 7.30 n.m. |
| 17 APRIL | KEIMOES | 7.30 n.m. |
| 18 APRIL | KANON EILAND | 7.30 n.m. |
| 19 APRIL | UPINGTON | 7.30 n.m. |

**in Generaalskap A17**

Reeks Vergaderings tussen 20 en 26 April.
Datums en Plekke word later bekendgemaak.

**Generaalsraadvergadering A13**

28 APRIL CARNARVON (Gedenksaal) 2 n.m.

**Alle Vriende en Belangstellendes word Hartlik Uitgenooi Bogenoemde Vergaderings by te woon.**

# Unie Koop Wat Britse Deskundiges Verwerp

## Min. Sturrock se Lugdiens

Na die hopelose mislukking van die Springbok-lugdiens (buitelandse lugdiens) as gevolg van die swak gehalte van die Britse York-vliegtuie, het die Minister van Spoorweë, mnr. F. C. Sturrock, in die parlement aangekondig dat Amerikaanse Skymasters — die vliegtuie wat tans vir ons binnelandse diens gebruik word met buitengewone welslae — voortaan vir die Springbokdiens gebruik sal word. Vir die binnelandse diens sal dan 'n ander Britse vliegtuig, die Vickers Viking, gebruik word, waarvan daar reeds agt aangekoop is. Oorspronklik was dit die plan om Tudor-vliegtuie te koop, maar dit sou nog te lank duur.

Hierdie vasklewing van die Minister aan Britse vliegtuie ten spyte van hul minderwaardigheid, is 'n stukkie Britse sentiment wat Suid-Afrika nog duur te staan sal kom, soos blyk uit die skerp veroordeling van die Britse vliegtuignywerheid onlangs in die Britse parlement deur 'n gesaghebbende.

Lug-kommandeur L. G. Payne het nl. verklaar dat dit baie duidelik is dat Brittanje nie nou in staat is om geskikte langafstandvliegtuie te produseer wat op land kan land nie. Dit is 'n feit wat nie langer veronagsaam kan word nie, het hy gesê. Hy het ook die verdeelde beheer oor die Britse lugvaart gekritiseer, en die gebrek aan optrede, besluiteloosheid en gebrek aan voorligting by die vervaardiging van vliegtuie gelaak.

Hy het verklaar dat die Britse Tudor I nie met die Amerikaanse groot vliegtuie op die Transatlantiese roetes kan meeding nie. Die Tudor II steek ook maar sleg af by die produk van Amerika. Dit het baie minder perdekrag as die Amerikaanse produk waarmee dit moet meeding.

### OU BOMWERPERS?

Die Tudor II se gewig maak dat hy nie van die vliegvelde van die lande suid van Nairobi kan opstyg nie. Dit kan dus nie op hierdie roete gebruik word nie.

Hy het gesê dat Suid-Afrika nie sy vliegvelde teen hoë koste sal verander om dit moontlik te maak vir Tudor II-vliegtuie om daar op te styg nie. Maar op hierdie vliegvelde het hy gesê, kan Suid-Afrika Amerikaanse Skymasters gebruik sonder om die vliegvelde te verander.

Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat Engeland geen doeltreffende vliegtuie vir langafstande in die vooruitsig kan stel wat die veranderde en gewysigde bomwerpers wat tans in diens is, kan vervang nie.

Hieruit kan dus afgelei word dat die vliegtuie wat Suid-Afrika van Brittanje aangekoop het, gedokterde en moontlik tweedehandse bomwerpers van die Britse lugmag is. Verskeie vlugte in die afgelope jaar het dan ook getoon dat die Britse produk nie kan kers vashou vir die Amerikaanse vliegtuie van dieselfde soort nie.

Kommandeur Payne het ten slotte verklaar dat daar 'n geweldige gaping in die Britse vliegtuignywerheid is wat opgevul moet word.



'n Vliegtuig van die Britse Lugmag

# L.V.-Tekort Bring Stilstand Teweeg

## Klok Lui Tevergeefs

Dit het die afgelope week minstens twee keer gebeur dat die volksraadslede so rondgeloop het, dat daar geen kworum in die volksraad was nie. Op een geleentheid het die Speaker nadat sy aandag daarop gevestig is, opdrag gegee dat die klok weer gelui moet word in 'n poging om genoeg lede in die raad te hê sodat daar oor 'n wetsontwerp gestem kan word.

Dit is 'n gebruik in die volksraad dat die Speaker se aandag eers formeel daarop gevestig moet word as daar minder as een-vyfde van die lede in die raad is voordat hy kan optree. Omdat dit maar heel selde gebeur dat lede sy aandag hierop vestig, gebeur dit dikwels dat daar minder as dertig lede in die raad is. Dit is ongelukkig dat hierdie feit nie meer deur die pers onder die aandag van die publiek gebring word nie.

Kort nadat die besprekings voorverlede Saterdag oor 'n wetsontwerp begin het, het mnr. Neate (Suidkus, Natal), om 'n kworum gevra. Nadat die klok twee minute lank gelui het, moes die voorsitter van die Raad, mnr. A. Trollip, aan die Speaker verslag doen dat daar geen kworum in die huis is nie. Die Speaker het gelas dat die klok weer gelui word en nadat een van die lede 'n paar van die rondlopendes gaan roep het, kon die verrigtings weer voortgaan.

'n Kwartier later is die aandag van die voorsitter daarop gevestig dat daar weer geen kworum is nie. Daar was net 27 lede teenwoordig. Nadat die klok weer gelui is, kon die besprekings met dertig lede voortgaan.

### LOOP WEER LEEG

Nie te lank nie of die raadsaal het weer leeggeloop. Daarop het mnr. J. G. Derbyshire (Tuine) 'n kworum aangevra. Die Speaker het verklaar dat aangesien sy aandag daarop gevestig is, die klok nogeens moet lui. Toe daar gestem is, was daar 31 uit die totaal van 153 volksraadslede aanwesig.

Verlede Woensdagaand toe die raad sy aandsitting begin het, was daar om agtuur toe die Speaker sy plek moes inneem, weereens nie 'n kworum nie. Nadat die klok aanhoudend gelui het, en aanwesige lede en bodes 'n klomp L.V.'s wat in die wandelgang en verversingslokaal was, gaan roep het, kon die aandsitting begin met byna driekwart van die sitplekke leeg. Daar was net twee ministers aanwesig, nl. mnr. J. H. Hofmeyr en mnr. H. G. Lawrence. Die Wetsontwerp oor Welsynsorganisasies was onder bespreking.

Lede van die persgalery skud dikwels maar net die kop en glimlag onder mekaar as hulle die leë banke aanskou.



'n Vliegtuigfabriek van binne gesien. 'n Britse gesaghebbende het kort gelede verklaar dat Brittanje nog nie in staat is om behoorlike langafstandvliegtuie te produseer nie, maar gebruik maak van omgeskepte bomwerpers.


'n WAARBORG . . .

Produkte wat deeglik gemaak is, is altyd 'n voordelige belegging . . . Volg die voorbeeld van duisende beleggers— koop Kommando-sigarette.



RONDE Kommando -SIGARETTE

OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES

B.H. 2369

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MÔREMARK (Posbus 7185) Newton

WEES BESKERM!
INBRAAK-Assuransie by—
SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

U Koop Altoos Die Jongste Modelle
- HOEDE
- TABBERDS
- JASTE, ENS.

by — Steyns
Die Modewinkel
PAROW

G. A. FICHARDT, Bpk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN


**KO-OPERATIEVE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA, BEPERKT.**
(Geregistreer kragtens die Wet op Koöp. Verenigings, 1939).

**KENNISGEWING AAN LEDE INSAKE INTREKKING VAN AANDELE.**

Lede wat hul wynboerdery opgegee het en wat begerig is om hul aandele kragtens die bepaling van Artikel 21 van die Statuut van die Vereniging te laat intrek (waarna die K.W.V. die nominale waarde van 10/- per aandeel aan hulle sal uitbetaal), word versoek om sonder versuim met die Hoofkantoor skriftelik daaromtrent in verbinding te tree.

Sodanige intrekking kan egter slegs deur 'n besluit van die lede op 'n algemene vergadering geskied en aangesien die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging binnekort gehou sal word, moet alle aansoeke vir intrekking van aandele tesame met die betrokke sertifikate die Hoofkantoor van die Vereniging, Posbus 528, Zuider-Paarl, voor 30 April 1947 bereik.

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkel plasings (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasings (vooruitbetaalbaar) 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasings: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasings tot kansellasie, 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## GEBOORTE

LE ROUX. — Aan Schalk en Myra (Kloppers) 'n fris eersteling-seun op 26 Maart. Naas God ons innige dank aan dokter en verpleegster. 9/4/1B

## HUWELIK

LE ROUX—LOUBSER. — Hiermee wens ons bekend te maak dat die huweliksbootjie van ons tweetjies, Willie, oudste seun van mnr. en mev. J. J. le Roux, van Boplaas, Beaufort-Wes, en Sophia, jongste dogter van mnr. en mev. G. H. Loubser, van Fairview, Riebeeck-Kasteel, van wal gevaar het.

---

**Vir Partytjies**, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner-Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## AGENTSKAPPE

**VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAPPY BEPERK,** Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbande ens. Doen aansoek by POSBUS 48. Foon 9-7222. 27/11/Tk

## BENODIG

**BESTUURDER VIR BEESBOERDERY** — Deeglike kennis van beeste, en beesboerdery in die TRANSVAALSE BOSVELD is noodsaaklik, aangesien die plase 8,000 morge beslaan en 1,300 beeste dra. Plaaswoning beskikbaar. Aantreklike salaris, na gelang van ondervinding. Aansoeke moet vergesel wees van getuigskrifte deur verantwoordelik persone en moet gerig wees aan MNR. M. C. OPPERMAN, Elandsdrift, P.K. MARBLE HALL, TVL. 26/3/3

**JONG ONGETROUDE BLANKE SEUN** van 17 tot 21 jaar, om met jakkalshonde te jag en te help met plaaswerk vanaf 1 Mei. Beginsalaris £5 per maand en vry losies. Getuigskrifte word verlang. — W. J. VILJOEN, P.K. Voorsorg, RAWSONVILLE. 2/4/2

## BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE SAAD:** Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarslaai 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-. Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van PREMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn. 11/12/Tk

**HERHOLDT** se geakklimatiseerde Vrugtebome en Rose groei, dra en stel tevrede vanaf Kaapland tot Zambesi, maar.... die aanvraag is groot en onmiddellike bespreking is noodsaaklik vir Julie-Augustus-planttyd. Pryslyste gratis. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg. 19/3/TK

**HERHOLDT** se nuwe Afrikaanse geïllustreerde TUIN- EN SAADGIDS is nou gereed. Dit bevat 'n volledige lys van die wêreld se beste Groente en Blomsaad. Bevat sensasiewekkende nuwe soorte en is gratis op aanvraag. — HERHOLDT SE SAAD-DEPARTEMENT, Posbus 660, JOHANNESBURG. B/19/3/TK

**LUSERN** aangebied teen markprys. Telegrafeer hoeveelheid nodig en ek sal prys opgee, gelewer Eastpoort. K.M.B. — N. WIENAND, Pk. Eastpoort. 26/2/8

**TAFELAATAPPELS.** — Pragtige, gesonde en vars Graad I teen 16/- per 140 lb.; 4/- per 35 lb.; Graad 3 teen 10/- per 140 lb.; 2/6 per 35 lb. Varkaartappels teen 4/- per 140 lb. V.O.S. Bethlehem in nuwe sakke. Leë sakke terug. Ek waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 2/4/TK

**UIESAAD.** — Eersteklas gesertifiseerde Uiesaad, Vroeë Kaapse Plat Geel 8/- per pond; Australiese Bruin 6/6 per pond. Posvry. K.M.B. — GERT VAN ROOYEN, Louterwater, Uniondale. 12/3/TK

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

**VRUGTEBOME.** — Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar ....die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. AA/26/3/TK

## GEMENG

**ELEKTRESO (Edms.) Bpk.** elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs, Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE, Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**LOOIERY.** — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tuie, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/TK

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291 KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertroë. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## GENEESMIDDELS

**ASMA-LYERS.** — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede. AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.

## HAARKAPPERS

Vir 'n eersteklas haarkap besoek ELS'S HAARKAPPER SALON, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

## HORLOSIEMAKERS

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

**VIR HORLOSIEREPARASIES** spreek STEYN, posbus 3531, Kaapstad. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

## HOTELLE

**MAJESTIC HOTEL,** Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## HUIS TE HUUR

**HUIS** met ses vertrekke naby twee groot damme, kwartmyl van sylyn. Afstand minder na Nasionale Pad. Goeie tuingrond onder water, ook saailande om deel te bewerk. Doen aansoek: C. J. DE JAGER, Welgevonden, ALBERTINIA. 26/3/3B

## KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52

**SWART.** voorlopig hoek van Merriman en Cookstrate, VASCO. Die Kleremaker met 'n reputasie. Hou dop vir sy nuwe adres.

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen kataloguse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## TE KOOP AANGEBIED

**BRANDHOUT.** — Swartwattel, gesaag in blokkies 1 vt.-lengte, gelewer in trok Outenikwa-Halte. — H. H. MEYER, Kleinfontein, Pk. Sinksabrug, George. 19/3/TK

# Huwelik Tussen Jeugoffisiere

Saterdag, 22 Maart, het een van die gewildste huwelike in Natalse Afrikanerkringe op Newcastle plaasgevind. Inus van Rooyen, jeug-hoofkommandant van Gebied D, is met jeug-kommandante Nantie Dannhauser, enigste dogter van genl. D. Dannhauser, voorheen van Natal, in die eg verbind. Die talryke gaste wat van ver gekom het, bewys die agting wat die jong paar geniet. Die Boere-jeug en die „groot" O.B. van Natal wens hulle 'n gelukkige lewe saam toe. (Korr.).

---

**L'IDEAL PRONKRUG-LEEUHONDJIES,** geregistreerd, uitstekende stamregister, pronke volmaak en Sinus Dernoidus-vry. Uit groot, sterk, kwaai en gesonde ouers. Reuntjies £8/8/- en tefies £5/5/-. — J. KEMP VORSTER, L'Ideal, MOTKOP, K.P. 26/3/3B

**JONG DIENSBARE ROMNEY-MARSHRAMME.** — Groot uitgegroei, swaar en vleisig, met goeie kwaliteit wol; die ware dubbeldoel-skaap, en uitstekend vir kruisteling om goeie kruisgeteelde ooie te kry vir vetlamproduksie. Prys £5 stuk, K.M.B. — J. KEMP VORSTER, L'Ideal, MOTKOP, K.P. 26/3/3B

**SOUTHDOWNS.** — Beste kwaliteit, diensbare, jong, suiwergeteelde ramme. Spekvet, baie swaar met eweredige vleis en bouformasie. Die ideale ramme vir vetlamteling. Tevredenheid gewaarborg. Prys £6 K.M.B. — J. KEMP VORSTER, L'Ideal, MOTKOP, K.P. 26/3/3B

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 50/-, No. 1 54/-, No. 2 40/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

**BYWAS.** — As enige iemand my van bywas kan voorsien, skryf aan: J. H. VAN ROOYEN, Amsterdam, Tvl. 2/4/2B

## TE KOOP AANGEBIED

**OKKERNEUTE.**— 2/- per pond vanaf 30 pond en meer, minder as 30 pond, 2/3 per pond. Stuur u houer. — P. E. J. KRUGER, Suikerboskop, BELFAST.

**SOUT.**— Ek vra u vriendelike ondersteuning as jong beginner en Boerejeuglid. A1 48/-; No. 1 43/-; No. 2 38/- per ton. Alle sakke terug so gou as moontlik. — S. J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD. 2/4/TK8

**SWARTHOUT** vir Huisraadmakers teen 7/- per kubieke voet. Skryf aan: J. GERBER, Bus 127, George. 9/4/2B

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-[illegible] Foon 9-8435


# Is Medisyne Noodsaaklik?

*Die Natuurwetenskap sê nee!*

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**

**Met Verbasende Uitslae**

**GEEN MEDISYNE!**

**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepasisng van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**

**Posbus 1336 — KAAPSTAD**


# Rusland Soek Atoom-geheim

**'n Duitse atoomdeskundige wat met lewensgevaar uit die hande van die Russe ontsnap het en betrokke was by die atoomnavorsing in Rusland, het na die Amerikaners oorgeloop en verklaar dat die Russe binne vyf jaar die geheim van die atoombom kan bemeester.**

Die Duitser wie se identiteit nog geheim gehou word, het in die Russiese atoomlaboratoriums gewerk. Sekere van die inligting wat hy aan die Amerikaners bekend gemaak het, word nog verswyg.

Hy het verklaar dat die Russe dag en nag werk om ook soos Amerika in besit van die atoombom te kan wees. Geen onkoste en kragte word gespaar om die atoombom te vervaardig nie.

Volgens sy mededeling werk daar sowat 200 Duitse atoomwetenskaplikes op die oomblik vir Rusland. Hulle word bygestaan deur tegniese ingenieurs. Verder is sowat 12,000 Duitse en Russiese ingenieurs besig om die aarde om te dolwe op soek na uranium.

**Die Duitse wetenskaplikes word besonder goed betaal, het hy verklaar. Hulle ontvang enigiets van tussen £3,000 tot £12,000 per jaar en leef in weelde, iets wat onder gewone omstandighede in Rusland met die dood strafbaar is. Niemand word normaalweg toegelaat om oor so 'n groot inkomste te beskik nie.**

Van tyd tot tyd word Duitse wetenskaplikes na Duitsland gestuur om rekrute onder die Duitse deskundiges te werf en hulle te vertel hoe heerlik hulle dit in Rusland het. Dit is juis op hierdie manier dat hy ontsnap het toe hy aangesê is om propaganda in Duitsland te gaan maak.

# Skrywer van Berugte Boek Kom Haal Meer Stof

**Ene Stuart Cloete (word uitgespreek Cloetie), skrywer van die boek „Turning Wheels" waarin hy die Voortrekkers skilder as onbeteulde wellustelinge wat onder die dekmantel van godsdiens soveel basterkinders as moontlik by naturelle verwek het, het verlede week uit Amerika in Kaapstad aangekom met die doel om meer stof oor Suid-Afrika te versamel vir 'n nuwe boek.**

Dit is twaalf jaar gelede dat hierdie Cloete in Suid-Afrika was. Na sy vertrek uit Suid-Afrika het sy berugte boek „Turning Wheels" verskyn en die verkoop daarvan in Suid-Afrika het die gemoedere van die Afrikanervolk so gaande gemaak dat daar sprake van teer-en-veer was indien hy in die hande gekry kon word. Sy boek is indertyd in ander tale oorgesit.

Mnr. Cloete gaan 'n reis deur die land onderneem met die doel om stof vir ten minste twee boeke oor die Boerelewe, ens., te versamel. Volgens persberigte hoop hy om 'n goeie fortuintjie te maak met die boeke wat oor Suid-Afrika sal handel.

## „DIE WAARHEID"

In 'n gesprek met die Cape Times na sy aankoms in Kaapstad het mnr. Cloete na sy boek „Turning Wheels" verwys en verklaar: **„Turning Wheels is histories so juis as wat 'n historiese novel kan wees. Dit gee 'n beeld van die tyd."** Hy het hieraan toegevoeg dat die boek goed in Amerika en Engeland verkoop het en baie belangstelling vir Suid-Afrika opgewek het! **„Die wêreld is minder bekrompe as Suid-Afrika,"** het hy gesê. **„Oorsee is die dele wat handel oor die verbastering wat so baie lawaai in Suid-Afrika veroorsaak het, eenvoudig deur die lesers oor die hoof gesien."**


# EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

**Die alombekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drankies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangepryse word.**

| PRYSLYS | Per bottel in kassies van 12 bottels | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Ou Port | 2/9 | — |
| Inwalide Port | 3/3 | — |
| Spesiaal Soet | 2/9 | 12/6 |
| Wit en Rooi Jeripiko | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Malmsey | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Muskadel | 1/11 | 9/6 |
| Soet Port | 1/11 | 9/6 |
| Port, Pontak, Worcester Hock | 1/10 | 9/- |
| Spesiale Sjerrie (Soeterig) | 1/10 | 9/- |
| Goudkleurige Sjerrie | 1/9 | 8/6 |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/6 | — |
| „Cocktail" | 4/3 | — |
| Vermouth (Droog of Soet) | 3/- | — |
| Swartberg Sjerrie | 2/9 | — |
| **DROë WYNE:** | | |
| Boergonje (Rooi) | 2/- | — |
| Riesling (Droë Wit) | 1/9 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling vaatjies. |
|---|---|---|
| **VONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante (Soeterig) | 10/3 | — |
| Grande Splendore (Droog) | 7/9 | — |
| Vonkel Boergonje | 8/9 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Aurora V.S.Q. (Die allerbeste) | 10/- | — |
| Eureka | 8/6 | — |
| A.1. | 8/- | — |
| Royal | 8/6 | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEUR:** | | |
| Peperment, Perske, Appelkoos, Piesang | 7/- | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| **JENEWER (GIN):** | | |
| Droë, Lemoen, Suurlemoen | 7/6 | — |

VERKOOPSVOORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die leë goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

**EXCELSIOR WYNMAKERY (EDMS.) BPK.**
**POSBUS 1, VLAKTEPLAATS, K.P.**

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B." VAN WOENSDAG, 9 APRIL 1947

# GESINSDIENS EN VOLKSORG

Nadat ons getoon het hoedat die Boerejeug trag om deur middel van arbeidsdiens sy deel by te dra om alle handearbeid in ere te herstel, het ons verlede keer besondere aandag geskenk aan landsdiens — daardie onderafdeling van arbeidsdiens waarin veral die seun hom so goed kan uitleef. Maar ook die dogter het haar spesifieke veld in die arbeidsdiens, en dit is die terrein van die Volksorg en gesinsdiens.

*Waar landsdiens die seun weer in direkte kontak met die bodem bring en so by hom opnuut 'n waardering opwek vir die werk van die landbouer, voer die gesinsdiens die dogter terug na die huis en bring dit haar so in nouer kontak met die werksaamhede en moeilikhede van die Afrikaner vrou en moeder.* Maar ons hou altyd voor oë: „Ek is my broer se hoeder", en daarom word die dogter alreeds vroeg uitgedryf om ook om te sien na haar minderbevoorregte volksgenoot — hierdie geestelike en materiële bystand noem ons volksorg.

Die seun moet van kleins af gestaal word vir die stryd wat hom as man wag in die wêreld daar buite. Die vrou in haar huis is nie in so 'n direkte kontak met die groot wêreld nie, maar sy het 'n soortgelyke stryd om te voer in haar eie kleiner wêreldjie, en as sy hier die onderspit delf is ook die volksdiens van die man daar buite vrugteloos—as die vyand dit regkry om hier in haar koninkryk in te dring met sy volksvreemde gedagtes, het hy reeds die oorhand oor die hele volk behaal. Veral die dogter moet dus van jongsaf ingelei word in die pligte wat sy as toekomstige Boere-vrou en -moeder op haar sal moet neem.

Voorligting in voedingsleer, kookkuns, naaldwerk, eerstehulp, tuisverpleging, moederkunde, en huisverfraaiing kweek by haar 'n vaardigheid en bedrewenheid in sulke huishoudelike dinge, en deurdat hierdie opvoedingswerk altyd in en deur die volksverband geskied, moet dit noodwendig lei tot 'n *nuwe gesindheid van waardering t.o.v. die Boerehuisgesin.* Namate die Boeredogter dan self in hierdie gees kennis versamel, kan sy dit al dadelik prakties toepas daar hulp te verleen waar nodig. So word ware nasionale en sosiale opvoedingswerk gedoen en baat die hele volk daarby.

Hierdie gesamentlike hulpverlening gee natuurlik kosteli̇ke ondervinding in spanwerk, en bevorder die gees van: „Een vir almal en almal vir elkeen". Verder kweek dit, al die ander deugde wat ons reeds onder arbeidsdiens genoem het bv. arbeidstrots, selfvertroue, verantwoordelikheid en offervaardigheid. Daar is so baie maniere waarop ons Boeredogters ons mede-volksgenote ten goede kan kom: dink maar net aan hulp met die versorging van 'n baba, of met die verpleging van 'n sieke, of toesig oor 'n klompie kindertjies in 'n huis waar die moeder ongesteld is.

Opleiding in gesinsdiens stel dus die dogter in staat om kennis op te doen (1) vir die opbou van 'n eie huisgesin in die toekoms, (2) om te bestee in diens van haar medemens, en hier dink ons in die eerste plek aan die volksgenoot. Wanneer die dogter eendag die Jeug verlaat en aansluit by die Groot O.B. is sy ook reeds terdeë toegerus vir die vroue-Volksorg-aktiwiteite.

In hierdie drie agtereenvolgende artikels het ons probeer om die wese van Arbeidsdiens soos dit deur die Boerejeug toegepas word, op te som, en *nou verneem ons graag die sienswyse van seuns, dogters, en offisiere hieromtrent.* Hierdie gedagtes sal ons dan in die blad plaas sodat julle kan weet hoe julle ander kameraadjies voel omtrent hierdie groot saak en wat hulle doen in hierdie verband. Stuur ook vir Boerejeugkwartier kiekies van waar julle met enige tipe arbeidsdiens besig is, b.v. seuns op die land, dogters by die kospotte of besig met 'n demonstrasie in tuisverpleging of sommige van julle besig met enige soort handwerk, tuinwerk, ens. Hierdie kiekies plaas ons dan ook in ons blad, en die bestes in „Die Boerejeug in Beeld" — die brosjure wat al ons aktiwiteite in beeld gaan voorstel.



Malmesbury se Boerejeug doen Landsdiens.

## VERJAARDAGKETTING

12 APRIL: Nicolaas Ferreira, Frankfort.
14 APRIL: Frans Lotz, Frankfort; Pieter de Waal, Paarl; Gielie Tredeoux, Malmesbury.
15 APRIL: Cornelia Pieterse, Vryburg; Susanna Els, Vryburg.
16 APRIL: Magrieta Basson, Kwaggafontein.
17 APRIL: Willie Erasmus, Mooinooi; Elizabeth Reyneke, Cedarville.
18 APRIL: Albertus Viljoen, Paarl; Martha Viljoen, Paarl.
19 APRIL: Carla Frankot, Stellenbosch; Gertruida Booysen, Kwaggafontein.
22 APRIL: Paulina Petzer, Stutterheim; Albert Pieters, Frankfort; Jan Kilian, Middelburg, Tvl.
23 APRIL: Elsa Nel, Hugenoot; Jacobus van Niekerk, Wellington.
24 APRIL: Maria Botes, Parys.

## Boerejeug-Kentekens

Soos reeds verlede keer aangekondig, kan boerejeugkentekens, 12 x 14 dm. en in swart en rooi gedruk, by Boerejeughoofkwartier bestel word. Die afdrukke is nog nie van die pers ontvang nie maar word eersdaags verwag, dus kan u solank bestellings plaas. Let wel dat die nodige kontant elke bestelling moet vergesel, nl. 2/6 stuk en 2/- stuk op bestellings van meer dan ses.

# Ons Nuwe Wedstryd

Met die oog op 'n moontlike uitbreiding van ons blad wil Boerejeug-hoofkwartier graag weet in watter rigtings julle die meeste belangstel. Hier volg nou 'n lys van onderwerpe wat in ons blad kan behandel word, en al wat julle moet doen is om op 10 van die onderwerpe te besluit waaroor julle die graagste artikels wil lees.

Neem 'n skoon stuk papier en skryf bo-aan jou naam, volle adres, ouderdom, en rang (nie-lede meld net dat hulle nie ingedeel is nie). Nommer nou daarop af van 1 tot 10 en vul langsaan nommer een in die nommer van die onderwerp waaroor jy die eerste artikels wil lees, naasaan nommer twee die nommer van die onderwerp wat jy die tweede sal kies, ens. tot by nommer 10. Sit nou die papier in 'n koevert en addresseer dit aan *„Ons Wedstryd", Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom,* sodat dit ons *voor die einde van April bereik.*

Die prys sal aan die persoon wie se keuse en rangskikking die meeste ooreenstem met dié van die gemiddelde, toegeken word. As julle nie mooi verstaan nie, vra jul veldkornette om te help, maar maak seker dat julle die nommers rangskik net suiwer volgens julle eie keuse. Offisiere neem natuurlik ook deel.

(1) Wetenskaplike brokkies, (2) Huishoudkunde en Naaldwerk-wenke, (3) Geskiedkundige verhale en vertellinge, o.a. uit die interneringskampe, (4) Biografie van Suid-Afrikaanse helde en heldinne op alle terreine, (5) Algemene nuusoorsigte, (6) Suid-Afrikaanse plante, diere en voëls, (7) Grondformasies en minerale, (8) Suid-Afrikaanse nywerhede, (9) Boerderymetodes en Landsdiens, (10) Verskillende Staatstelsels, (11) Fotografie, (12) Feite omtrent verskillende beroepe, (13) Die Naturel, Asiaat, Kleurling, ens., (14) Fisiologie en Gesondheidsleer, (15) Skilderkuns en Beeldhoukuns, (16) Boekbespreking en ander letterkundige stof, (17) Musiek, sang, en toneel, (18) Boeresport en volkspele, (19) Eerstehulp en tuisverpleging, (20) Die organisasie, strewe, dissipline, ens., van die Boerejeug, (21) Bybelkennis, (22) Huisversiering, (23), Veldwerk, spoorsny, sein, ens., (24) Hout-, karton-, en blikwerk.

# BOEREJEUGDRAG

**KOMMANDANT(E)**

**DAMES:**

**Baadjie:** Dik marine-blou stof sersje aanbeveel)· 4 sakke met klappe en plooie na buite van omtrent ¾ duim. Lapgordel van omtrent 1¾ duim met marine-blou gespe. Lissies vir gordel aan sye.
Agter: Onder die gordel aanmekaar gestik.



**Romp:** Dieselfde stof as die baadjie. 2 binnesakkies met klappe, en 'n binneplooi in die middel voor (sien tekening by drag van asst. veldkte. in uitgawe van 12 Februarie).
Agter: In twee pante gesny sonder 'n plooi.

**Bloese:** Wit toenekbloese met skouerstuk voor en agter vir ruimte (vir tekening sien uitgawe van 12 Februarie). 2 sakke met buiteplooie van omtrent ¾ duim breed en klappe. 2 skouerlissies.

**Das:** Koningsblou das.

**Kopstuk:** Wit panama, voor af en agter opgeslaan. Rand 3½ tot 4 duim wyd, omsoom met marineblou lint van ¾ duim. Hoedband marine-blou, omtrent een duim wyd.

**Kouse:** Swart sy-kouse.

**Skoene:** Swart plathak toerygskoene.

**Lyfband:** Sonder die baadjie word 'n swart leerband van omtrent 1¾ duim met swart gespe oor die romp gedra.

**Kentekens:** (a) Sleutelsteenteken: (i) op die linker sak van die bloese; (ii) aan beide lapelle van die baadjie.
(b) Wapen: (i) op die voorkant van die hoed; (ii) op die das.
(c) Fluitjietou: Koningsblou, oor linkerskouer gedra.

*Die drag van die dogters wat verlede keer in die kiekie „Die Trots" verskyn het, is natuurlik dié van die Boeredogters, en nie, soos per abuis gemeld is, dié van „Boeredogter-offisiere" nie.*

**MANS:**

**Broek:** Lang of kort kakiegroen broek.

**Baadjie:** Lang kakie-groen baadjie met 4 sakke (tunic).

**Hemp:** Kakie-groen hemp; twee sakke met klappe; skouerlissies.




**Das:** Donker-groen das.

**Kopstuk:** Breërand kakie-groen hoed met regterkant opgeslaan. Swart volstruisveer waarvan een duim vertoon.

**Skoene:** Bruin skoene met lang kakie sokkies.

**Lyfband:** „Sam Browne"-band word oor regterskouer gedra.

**Kentekens:** (a) Sleutelsteenteken: Sonder baadjie: Een op elke hempskraag: met baadjie: en op elke bo-lapel van die baadjie.
(b) Wapen: (i) op die opslaankant van die hoed. (ii) as dasspeld.
(c) Fluitjietou: Oor die linkerskouer gedra: kakie-groen

**RANGTEKENS**



Rangband



Skouer

**RANGTEKENS (Dames en Mans):**

Sonder baadjie: (a) rangband aan linker bo-arm.
(b) Drie akkerblare op elke skouerlissie van die hemp/bloese.
Met baadjie: (a) Slegs die skild van die rangband op die linker bo-arm van die baadjie
(b) Drie akkerblare op elke skouerlissie van die baadjie.

## JEUGKOMMANDANTE(S) !!

**Kommandante(s) word daaraan herinner dat hulle verslae vir die drie maande Januarie—Maart 1947, die Jeughoofkommandant nie later as 15 April moet bereik nie.**

**Veldkornette(s) moet sorg dat hulle verslae dadelik aan hulle Jeugkommandante(s) gestuur word. In afdelings waar daar nie 'n Jeugkommandant is nie, moet die Veldkornette hulle verslae dadelik direk aan die Jeughoofkommandant stuur.**

# Kommuniste Kry Opdrag Regstreeks van Moskou

## Bevinding van Komitee

**Die Kommunistiese Party in Amerika is eindelik in sy regte kleure aan die kaak gestel deur 'n ondersoek wat plaasgevind het op las van die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers. In die verslag wat deur die komitee uitgebring is, word bewyse aangevoer dat die Kommunistiese Party 'n rewolusionêre beweging is en dat die Amerikaanse Kommuniste 'n agent is van die Russiese regering. Daar word verwys na meer as negentig opdragte wat die party uit Moskou ontvang het.**

Die voorsitter van die komitee van ondersoek na onamerikaanse bedrywighede, J. Parnell Thomas, het verklaar dat dit onomwonde bewys is dat die kommuniste 'n vyfde kolonne van Rusland is.

**„Die eenparige mening van hierdie komitee is dat die kommunistiese party van die Verenigde State in werklikheid 'n agent is van 'n vreemde regering," lui die verslag.**

Die verslag sê verder dat die Kongres van die Britse Kommunistiese Party wat verlede Februarie in Londen gehou is, in werklikheid 'n byeenkoms van die Kommunistiese internasionale was.

**Daar word gewys op die feit dat die kommuniste vandag oor 'n magsposisie en invloed beskik wat buite alle verhouding is met die lidmaatskap van die party as gevolg van sleutelposisies wat sy lede beklee en die steun van die Russiese regering wat vandag 'n wêreldmoondheid geword het. Die moontlikheid dat die kommuniste die Amerikaanse maatskaplike lewe ernstig kan ontwrig indien hulle goed genoeg gemobiliseer word, word in die vooruitsig gestel.**

## KOMMUNISTE AS GASTE



**Onderwyl Amerika besig is om die kommuniste uit te druk van die openbare lewe vanweë hulle verbondenheid aan Moskou, word in Engeland en Suid-Afrika niks gedoen om hul bedrywigheid in bande te lê nie. In die Unie word nog 'n lywige diplomatieke korps van die Sowjet as gaste geherberg. Bostaande foto toon hoe ook die Britse regering die kommuniste as gaste behandel. Eerste minister Atlee gee hier naamlik 'n eetmaal ter ere van 'n Sowjet-afvaardiging.**

## Reën Bring Uitkoms

Swaar en deurdringende reëns het die afgelope week op baie plekke in die binneland uitgesak. Vir baie geteisterde gebiede was dit 'n blye uitkoms. In die Rustenburgse distrik is meer as drie duim aangeteken terwyl reën die treindienste in Natal ontwrig het.

In die Vrystaat en dele van Kaapland het mooi reëns uitgesak. In Noord-Kaapland in die omgewing van Steynsburg, De Aar, Queenstown en Aliwal-Noord is neerslae van 'n duim en meer gemeet.

Clocolan, Paul Roux, Senekal, Wepener in die Vrystaat het ook mooi reën gehad. Op baie plekke heers daar egter nog knellende droogtes.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.

## Unie se Bydrae Tot Europese Swartmark

**'n Bewering dat Suid-Afrika se bydrae van £4,500,000 tot Unrra vir 'n groot mate vermors is deur oneerlikheid en korrupsie van Unrra-amptenare is gedoen deur mnr. E. Landwehr wat in beheer van drie kampe vir verplaaste persone in Europa gestaan het. Mnr. Landwehr wat deur die regering met hierdie taak belas was, het onlangs in Suid-Afrika aangekom.**

Hy het verklaar dat die grootste aantal van die Unrra-amptenare met wie hy in aanraking gekom het, daarop uit is om hulself te verryk. Die administrasie is hopeloos in wanorde. Dit is duidelik dat hulle heeltemal onervare vir hierdie soort werk is.

**Die amptenare is besig om op groot skaal voedsel wat deur Unrra as rantsoene verskaf is,** op die swartmark te verkoop. Hy het een geval genoem waar amptenare aangegee het dat daar 3,500 persone in hul kamp was. In werklikheid was daar net 2,000. Die res van die rantsoene het hulle verkoop en die geld in hul eie sakke gesteek.

Mnr. Landwehr was so teleurgestel met die toestande wat hy daar aangetref het, dat hy na ses maande sy bedanking ingedien het.

## Petrol Goedkoper

Petrol is vanaf verlede Maandag drie pennies goedkoper. Dit geskied as gevolg van die belastingverligting wat deur die Minister van Finansies aangekondig is. In die Kaapse Skiereiland kos petrol tans 1s. 8d. per gelling.

# Russiese Spioenasie In Amerika

**Die Russiese spioenasie in Amerika het reeds op so 'n groot skaal plaasgevind dat indien die Amerikaners die volle waarheid sou verneem, dit die openbare mening so 'n skok sal toedien as wat dit selde te vore ondergaan het, verklaar waarnemers van Overseas Intelligence Digest. Slegs 'n klein bietjie inligting het tot dusver uitgelek en dit was genoeg om dit aan die gang te sit.**

Die werklike verhaal van die omvang van die Kommunistiese spioenasiediens in Amerika is nog nie vertel nie. Tot dusver is ook geen aankondiging oor die Russiese spioenasie in Engeland gedoen nie, maar hierdie ingeligte kringe vertel dat 'n netwerk van Russiese spioenasie reeds tot elke belangrike liggaam in Engeland deurgedring het. Hierdie netwerk is nog nie voorheen in die geskiedenis geëwenaar nie.

Die Russe beroem hul daarop dat hulle elke atoom-geheim van Amerika binne 'n kort tyd ingepalm het. Dit mag wees dat hulle nog nie alles het nie, maar hulle weet reeds 'n groot deel daarvan en hulle maak goeie vordering. Daar is getuienis wat daarop dui dat hulle hierdie jaar hul eerste atoombom kan maak, verklaar die blad.

**Nie alleen is die Russiese ambassade diep in die spioenasie betrokke nie, maar ook 'n aantal vooraanstaande nie-Russiese wetenskaplikes en vooraanstaande militêre persone. 'n Aantal politici is ook hiermee gemoeid. Ten minste drie voormalige lede van die Amerikaanse kongres en 'n aantal vakbondleiers is by die spioenasie betrokke.**

Die Amerikaners voel ook verontrus oor die gerugte dat die Kommuniste besig is met spioenasie in Latyns-Amerika. Sosiale instellings in Suid-Amerika maak spioenasie vir die Russe baie maklik word verder verklaar. Washington voel verontrus oor die toestande in Brasilië en Argentinië.

Die blad wys verder daarop dat Amerika geen strategie in sy buitelandse beleid het nie. Sabotasie is hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik en ook die weerstrewigheid om die feit dat Russiese vriendskap as onaanvaarbaar bewys is, te aanvaar.


## SKOORSOEK

**deur D. Stegman — — Prys 8/4 posvry**

„In hierdie ou tranedale waarin een medemens besig is om soos gewonde bobbejane die ander se ingewande uit te pluk is daar al genoeg ellint. Dit is 'n onvergeeflike sonde om daar nog meer te wil inprop." — Die Skrywer.

**NUUTSTE POPULÊRE WERKE**

Kielblock, K.: *Adriaan Deneys.* 8/9 posvry.
Van den Berg, G.: *Skaduwees* 7/6 posvry.
Goethe: *Die Lyding van die Jonge Werther* (uit die Duits vertaal deur Fuchs) 8/- posvry.
Franz, G. H.: *Moeder Poulin* 9/6 posvry.
Schoeman, P. J. *Op die Groot Spore.* 8/9 posvry.
Neser, R.: *Oorkant die Brug.* 8/- posvry.
Roux, B. le.: *Fiskale van Zimbabwe,* 8/6 posvry.
Rompel, H.: *Die Spookleier.* 9/6 posvry.
Meiring, R.: *Die Geheim van die Berghaan.* 7/- posvry.

**KINDERBOEKE**

Smith, J.: *Mooiplaas se Voetbalspan.* 5/- posvry.
Botha, D.: *Die Bergkindjie.* 2/- posvry.
Spyri, J.: *Heidi, Deel I en II.* 7/6 elk posvry.

**Pro Ecclesia-Boekhandel**
POSBUS 29 — STELLENBOSCH